

## PROF F A VAN JAARVELD SE BENADERING TOT DIE ALGEMENE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

D J van Zyl  
*Universiteit van Stellenbosch*

Met sy talle studies op die terrein van teoretiese geskiedenis gedurende die afgelope twee dekades het prof. F A van Jaarsveld meer as enige ander Suid-Afrikaanse historikus bygedra tot 'n diepsinnige gesprek onder historici oor die grondslae van geskiedenis-as-wetenskap, veral soos dit in Suid-Afrika toegepas is en word. Daarbenewens het dié studies ook gelei tot 'n diepere historiese sin by duisende studente van Geskiedenis in studerende, praktiserende en doserende verband. Verskuil in hierdie studies lê voorts prof. Van Jaarsveld se teoretiese beskouing oor die algemene geskiedenis wat in skoolhandboeke<sup>1</sup> en 'n universiteitshandboek<sup>2</sup> uitdrukking vind. Omdat prof. Van Jaarsveld se benadering tot die algemene geskiedenis van Suid-Afrika die onderwerp is van hierdie artikel word eers sy teoretiese beskouing in behandeling geneem en daarna gekyk hoe dit veral in sy universiteitshandboek uitdrukking gevind het.

### Prof. Van Jaarsveld se teoretiese beskouing ten opsigte van die algemene geskiedenis van Suid-Afrika

Prof. Van Jaarsveld het terselfdertyd begrip vir en kritiek op die aard van die benaderings wat in die verlede deur Afrikaanstaliges in hulle algemene werke t.o.v. die geskiedenis van Suid-Afrika gevul is.

Hy het begrip vir die feit dat die werke van Afrikaanstaliges soos Gie,<sup>3</sup> Van der Walt, Wiid en Geyer<sup>4</sup> en Muller<sup>5</sup> gekenmerk word deur die konsipiëring van die verlede vanuit die Afrikaner of blanke se standpunt, dat op politieke temas gekonsentreer is en dat die geskiedenis van Suid-Afrika volgens periodes behandel is wat deur politieke gebeurtenisse bepaal is. Dit alles het saamgehang met die Afrikaner se nasionalistiese lewensbeskouing en sy politieke en kulturele stryd vir die handhawing van sy eie identiteit.<sup>6</sup>

Die benadering van die geskiedenis vanuit 'n Afrikaner (blanke)-gesigspunt het

F A van Jaarsveld: *Nuwe geïllustreerde geskiedenis vir die senior sertifikaat, Deel I: Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Johannesburg: Voortrekkerpers, 1968); en F A van Jaarsveld e.a.: *Nuwe geïllustreerde geskiedenis st. 10* (Johannesburg: Perskor-uitgewery, tweede uitgawe, eerste druk, 1975).

2. F A van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652–1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (Johannesburg: Perskor-uitgewery, tweede uitgawe, eerste druk, 1976).

S F N Gie: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, twee dele (Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery, vierde druk, 1942).

Van der Walt, Wiid en Geyer (redakteurs): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, geredigeer deur D W Kruger (Kaapstad: Nasou Beperk, Derde bygewerkte uitgawe, eerste druk, g.d.).

5. C F J Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, ens.: Academica, Derde hersiene uitgawe, eerste druk, 1980).

“Visies en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie” in F A van Jaarsveld: *Geskiedkundige Verkenninge* (Pretoria: J L van Schaik (Edms.) Bpk., 1974), pp.66–67; en “Van sosiale tot samelewingsgeskiedenis in Suid-Afrika” in F A van Jaarsveld: *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk., 1981), p.75.

egter vir prof. Van Jaarsveld vir die diepere verstaan van Suid-Afrikaanse geskiedenis sekere ernstige nadele ingehou. Dit het daartoe gelei dat die positiewe aandeel wat die Engelssprekendes in die opbou van Suid-Afrika gehad het, in 'n groot mate verbygesien, onderskat of onaangeroer gelaat is. In dieselfde mate is die rol van die nie-blanke as aktief-vormende krag in Suid-Afrikaanse geskiedenis verbygesien of verwaarloos. In die algemene geskiedeniswerke van Afrikaanstaliges het die klem geval op die supremasie van die blanke en die minderwaardigheid van die swartman. In dié werke is die swartman selfs "gesegregeer" deur die gebrek aan integrasie van sy aandeel aan die "blanke se verlede" en deur sy geskiedenis "apart" in hoofstukke of bylaes te behandel. Waar kontakte wel beskrywe is, is dit vanuit die blanke se standpunt geïnterpreteer.<sup>7</sup>

Prof. Van Jaarsveld argumenteer verder dat in die behandeling van die eietydse geskiedenis die klem ook te veel op die politieke geskiedenis laat val is wat meegebring het dat sekere onderdele en terreine van die geskiedenis van Suid-Afrika verwaarloos is. Hy verwys daarna dat daar 'n gebrek aan kennis bestaan oor byvoorbeeld die Afrikaner se koloniale agtergrond of die Westerse kultuurwaardes in die algemeen. Hoewel lofwaardige bydraes gelewer is, het die Afrikaanse historici die terreine van ekonomiese en verstedelikingsgeskiedenis afgeskeep. Syns insiens het die tyd aangebreek vir omvattende studies wat in samehang gebring moet word met die algemene tendensies van die politieke, sosiale, geestes- en ekonomiese geskiedenis.<sup>8</sup>

Prof. Van Jaarsveld het veral gepleit dat Suid-Afrikaanse historici meer aandag gee aan die opkoms en betekenis van die Suid-Afrikaanse stede en die rol wat hulle in die vorming van die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het. Volgens sy beskouing is die verhaal van ons land maar die helfte vertel as aan die verstedelikingsproses nie aandag gegee word nie. In 'n ondersoek na stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus kom hy tot die gevolgtrekking dat die Afrikaanstalige historici nog nie 'n stedelike dimensie in sy historiese bewussyn of in sy professionele geskiedskrywing ontwikkel het nie. Hierop lewer hy kritiek, want veral die twintigste eeu word gekenmerk deur groot bevolkingsametrekkinge in en om die stede wat die resultaat is van ekonomiese verandering soos teweeggebring is deur 'n industriële, mynbou- en landbou-omwenteling. Volgens prof. Van Jaarsveld het dit die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingrypend gewysig en veranderinge op maatskaplike, kulturele, geestelike en politieke gebied meegebring.<sup>9</sup>

Prof. Van Jaarsveld voer veral twee redes aan vir hierdie leemte in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Eerstens het die Suid-Afrikaanse historici "agter" geraak by die bestudering van verstedelikingsgeskiedenis, wat 'n relatief resente historiese verskynsel is, vanweë sy traagheid om hom toe te lê op die eietydse geskiedenis, d.w.s., volgens prof. Van Jaarsveld se definisie, dié tydperk wat 'n historikus as selfdeurleefde of selfvervaardigde geskiedenis meegemaak het. Volgens hom is die bestudering van die eietydse geskiedenis noodsaaklik omdat die meebelewing, soos hy dit stel, lei tot die Suid-Afrikaanse mens se selfdeurleefde verlede waaruit selfbesinning oor die herkoms en die wese van die mens en sy verhoudinge volg wat hy in sy eie tyd teenoor homself en

"Visies en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie" in *Geskiedkundige Verkenninge*, pp.72–73; "Van sosiale tot samelewingsgeskiedenis in Suid-Afrika" in *Wie en wat is die Afrikaner?*, p.75.

8. "Visies en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie" in *Geskiedkundige Verkenninge*, p.73.  
9. F A van Jaarsveld: *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus* (Johannesburg: R.A.U. Publikasiereeks, B 3, 1973), pp.1 en 18; vgl. ook opstel getitel: "Stad en Historikus" in *Geskiedkundige Verkenninge*, pp.135–148.

na buite moet verantwoord. Volgens prof. Van Jaarsveld se oordeel het die Suid-Afrikaanse historici die eietydse geskiedenis verwaarloos met die noodwendige gevolg dat daar 'n gaping bestaan tussen die hede en die verwyderde of 'nog lewende' verlede.<sup>10</sup>

'n Tweede rede waarom die verstedelikingsgeskiedenis volgens prof. Van Jaarsveld afgeskeep is, is omdat die Suid-Afrikaanse historici te min begrip getoon het vir die sosiale en ekonomiese geskiedenis in die algemeen en vir die besondere tematiek en metodiek wat dit vereis. Daarom waarsku hy dat as die Suid-Afrikaanse historici, veral die Afrikaanstalige, bly vassteek by die individualiserende verstaansmetode, wat op die konsepsie van gebeurtenis-geskiedenis berus, hy nie 'n begrip sal hê vir die nuwe tematiek en metode wat die bestudering van die tegnies-industrieel-stedelike werklikheid vereis nie. Die historikus wat hierdie aspekte, d.w.s. die sosiale-ekonomiese-stedelike geskiedenis van Suid-Afrika, wil bestudeer kan hom nie net verlaat op die tradisionele benadering wat hoofsaaklik om die politiek wentel nie. Om tot 'n beter begrip te kom van die aard van die veranderde Suid-Afrikaanse samelewing en die probleme wat dit meebring het, sal die geskiedwetenskap nader aan ander sosiale wetenskappe moet beweeg, sonder om sy eie identiteit as wetenskap prys te gee.<sup>11</sup>

Die nuwe en aangepaste metodiek wat die historikus moet aanwend om tot 'n groter begrip van die sosiale en ekonomiese faktore in die geskiedenis te kom, sluit in die gebruikmaking van metodes van die sosiale wetenskappe, byvoorbeeld die bestudering van strukture, prosesse en interaksie tussen groepe, die toepassing van teorieë en die gebruikmaking van kwantifisering.<sup>12</sup> Eers wanneer die Suid-Afrikaanse historikus sy historiese metode aangevul het met die nomologiese metode wat op veralgemening, analise, tipologie, hipotese, teorieë en historiese konsepte berus, kan hy daartoe oorgaan om die Suid-Afrikaanse geskiedenis te rekonstrueer en te herstruktureer.<sup>13</sup> Hierdie benadering sal en moet heeltemal verskil van die tradisioneel "enge" en op-die-politiek-gekonsentreerde algemene geskiedenis van Afrikaanstaliges. In plek daarvan staan prof. Van Jaarsveld 'n sintetiese samelewingsgeskiedenis van Suid-Afrika voor waarin al die groepe en klasse tot hulle reg kom en waarin sosiale en ekonomiese faktore in één samelewingsgeskiedenis byeengebring is.<sup>14</sup>

Alhoewel prof. Van Jaarsveld 'n sterk voorstander is daarvan dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis bevrug kan word deur die aanwending van metodes van ander sosiale wetenskappe doen hy dit gekwalifiseer. Vir hom gaan dit daarom dat metodes van sosiale wetenskappe soos die strukturalistiese benadering, generalisasie, abstrahering en teoretiese toepassing, deur die historikus gebruik moet word *ter aanvulling en verryking van sy hermeneuties-individualiserende metode wat sy primêre werkswyse is*. Die Geskiedenis kan by dié metodes veel baat vind, maar op die volgende voorwaardes: terwyl sosiale wetenskappe feite gebruik as middel om tot wette en generalisasies te geraak, is laasgenoemde vir die historikus slegs 'n hulpmiddel om die feite te begryp. Die historikus gebruik ook teorieë anders as die sosiale wetenskaplike, nl. implisiet,

10. "Eietydse geskiedenis" in *Geskiedkundige Verkenninge*, pp.105–116.

11. "Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing" in F A van Jaarsveld: *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1979), pp.130–136.

12. "Wat is sosiale en samelewingsgeskiedenis?" in *Wie en wat is die Afrikaner?*, pp.124–128.

13. "Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing" in *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle*, pp.134–136.

F A van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652–1974*, voorwoord; F A van Jaarsveld: *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis* (Kaapstad, ens.: Nasou Beperk, 1974), p.25.

d.w.s. vir elke vertolking wend hy 'n teorie aan om tot die formulering van 'n probleemstelling te kom, en om gegewens, hipoteses en bewysvoering te orden. Die historikus kan ook, soos ander sosiale wetenskaplikes, van prosessuele voorstellings en begrippe gebruik maak, maar dan in die eerste plek om dit slegs as nuttige instrument aan te wend om in gebeurtenisse kontoere te ontdek, samehange vas te stel en tendensies te leer ken.<sup>15</sup>

Prof. Van Jaarsveld waarsku teen die aanwending van die metodes van ander sosiale dissiplines op só 'n wyse dat doelbewus 'n verkeerde en subjektiewe voorstelling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee word. Hy wys in dié verband daarop dat 'n teorie slegs teoreties geldig is sonder toepassing op besondere gevalle. Nogtans het historici van die liberale en radikale skool hulle geskiedenis van Suid-Afrika gebaseer op enkele wyd aanvaarde teorieë oor die aard van die historiese proses en strukture wat vir hom (prof. Van Jaarsveld) onaanvaarbaar is.<sup>16</sup> Hy staan veral skerp afwysend teenoor die Marxistiese model van geskiedskrywing en die toepassing van histories-materialistiese teorieë wat in die tyd van post-dekolonisasie as modeverskynsel op revolusionêre "verandering" in plaas van "verstaan" gerig is.<sup>17</sup>

As voorbeeld van onvolledige en subjektiewe benaderings van die algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis wat op teorie-aanwending gebaseer is, verwys hy in die eerste plek na die *Oxford History of South Africa*. Van dié werk sê hy: "In sy geheel wil die skrywers van die *Oxford History* die geskiedenis van Suid-Afrika in ooreenstemming bring met die "new look" in Afrika: dit word herskrywe uit 'n Afrika- en Nie-blanke, veral Bantoe-gesigspunt; dit wil wegdoen met Blanke "legendes" en pioniersheldedade. Die simpatie lê duidelik aan Nie-blanke, veral Bantoe-kant; dit bevat 'n duidelike anti-Blanke, maar veral sterk anti-Afrikaner bias. Dit is 'n *anti-apartheidsboek* en het 'n sterk tendensie vanuit die liberale en *filantropiese* gesigspunt. Die uitgangspunt is die gelykheids- en liberale ideale van ons tyd wat in die verlede geprojekteer word, sodat ons van 'n *ideologiese en strydbare* geskiedskrywing kan praat, waarin die inheemse Swart inwoners in beskerming geneem en verdedig word, terwyl die Afrikaners as die rassiste, misdadigers en spelbrekers van rassebetrekkinge aangewys word. Dat bronne eensydig gebruik en afkeurende oordele vir die Afrikaners gereserveer is, vloei logies voort uit die uitgangspunte van die *Oxford History*."<sup>18</sup>

'n Tweede werk wat prof. Van Jaarsveld in dié verband kritiseer, is *The Shaping of South African Society, 1652—1820*. Hy bevraagteken die teoretiese geldigheid van die breë benadering van dié publikasie om die rol van ras, individue en sentrale regeringstelsel te negeer óf ondergeskik te stel aan klas, groepe, historiese prosesse en strukture. Die werk is ook nie 'n ware totale of samelewingsgeskiedenis nie omdat slegs uitgesoekte aspekte van 'n geïntegreerde samelewing in behandeling geneem word. Prof. Van Jaarsveld se slotsom is dat in dié werk teorieë en gevolgtrekkings voorkom wat oppervlakkig is en onvoldoende deur gegewens gesteun word. Daarby het hy die indruk gekry dat dié boek simpatie toon met die lot van die Nie-blanke wat in ooreenstemming is met die anti-kolonialistiese ideologie. "Dit weerspieël ook die houding van die huidige Westerse mens wat so behep is met die wegdoening van rasseverskille dat dit weinig oor het vir verskille van mens tot mens en leiersfigure wat rigting aan die ontwikkeling van maatskaplike gebeurtenisse gegee het."<sup>19</sup>

15. 'Wat is sosiale en samelewingsgeskiedenis?' in *Wie en wat is die Afrikaner?*, pp.125—128.

16. 'Van sosiale tot samelewingsgeskiedenis in Suid-Afrika' in *Wie en wat is die Afrikaner?*, p.100.

17. 'Wat is sosiale en samelewingsgeskiedenis?' in *Wie en wat is die Afrikaner?*, p.128.

18. 'Ons verledebeeld: geskonde oue of vertekende nuwe?' in *Geskiedkundige Verkenninge*, p.171.

19. 'Van sosiale tot samelewingsgeskiedenis in Suid-Afrika' in *Wie en wat is die Afrikaner?*, pp.91—95.

Die neo-Marxistiese skool van teorie-toepassing op die Suid-Afrikaanse samelewingsgeskiedenis gaan nog verder as die liberale historici se vertolking van Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die oplossing van die Suid-Afrikaanse samelewingsituasie lê volgens die radikale nie, soos die liberale historici glo, in die verandering van die anachronistiese Afrikanerdom nie, maar in die oorwinning oor die kapitalistiese stelsel wat die Nie-blanke as die minderbevoorregte klas, uitbuit. Die radikale se benadering is dat die geskiedenis van Suid-Afrika nie gebaseer moet word op die verskille in ras en kultuur nie, maar op die ontleding van ekonomiese realiteite en die klassestruktuur van die samelewing. Volgens hulle geskiedskrywing, om Luli Callinicos se *A people's history of South Africa*, vol. 1: *Gold and workers 1886—1924*, as voorbeeld te neem, moet die kapitalisme, die aartsvyand van die Marxisme, die blaam dra vir wat volgens hulle in die Suid-Afrikaanse samelewing verkeerd gegaan het. Soos Harrison M. Wright glo prof. Van Jaarsveld dat die radikale historici deur die toepassing van teorie die historiese werklikheid verdraai het, want daar word uit die feite gekies dié wat pas, en die res geïgnoreer. Hulle voorstelling van die verlede en bevinding berus nie op primêre navorsing nie, maar vloei uit die teorie voort waarmee die verlede gekonfronteer word. Hul navorsing is op die hede gerig wat volgens die Marxistiese model “verander” moet word. Prof. Van Jaarsveld kom tot die gevolgtrekking dat die benadering van die radikale historici bewys lewer van die misbruik van teorie-aanwending op die Geskiedenis wat die gevolg het dat nie “goeie”, bedoelende objektiewe geskiedskrywing, tot stand kan kom nie.<sup>20</sup>

Met al hierdie verskillende vertolkings in gedagte, vra prof. Van Jaarsveld of daar hoegenaamd 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika moontlik is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit wel moontlik is, maar dat teenoorgestelde standpunte permanent eie aan die vertolking van die geskiedenis van Suid-Afrika sal wees. Die benadering moet wees om erkentlikheid te gee vir samehange vanuit 'n nuwe uitgangspunt wat die historikus intellektueel sal verryk. Terselfdertyd waarsku hy saam met prof. Page Smith dat indien die pogings om die vak te “verryk” deur die integrering met verwante sosiale wetenskappe die bedoeling het om die beeld van die Westerling in die algemeen en die blanke in Suid-Afrika in besonder te verdof, dié soort geskiedskrywing as aanmatigend, verwarrend en die hele konsep van historiese perspektief as misleidend bestempel moet word. Wanneer die historikus opmerk dat historiese werke met 'n liberale en radikale gesigspunt die bedoeling het om 'n bepaalde geestesgesteldheid aan te kweek wat ten koste is van sekere groepe se bewussyn en identiteit, betwyfel prof. Van Jaarsveld die algemene geldigheid van die samehange vanuit 'n nuwe uitgangspunt. “Waarheid” in dergelike werke spruit dan nie voort uit 'n wetenskaplik-objektiewe studie nie, maar word in ooreenstemming gebring met die beginsels van die ideologie van die liberalisme — 'n ideologie wat blykbaar 'n ingeboude onverdraagsaamheid bevat, aldus prof. Van Jaarsveld.<sup>21</sup>

Oor die objektiwiteitsbeginsel, wat ook op sy teoretiese benadering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis toegepas kan word, kom prof. Van Jaarsveld ten slotte tot die volgende belangrike gevolgtrekking: “Al is ons vraagstelling tydgebonde en daardeur subjektief — trouens alle historiese vraagstelling is subjektief — hoef ons nie die verlede te *misbruik* nie, hóéf ons ons nie oor te gee aan willekeur of aan vermybare subjektivisme nie. As ons bewus is van ons uitgangspunte, ons beperkinge van persoon,

*Ibid.*, pp.95—100

“Ons verledebeeld gesk. de  
pp.184—186.

omgewing en tyd, die wil tot objektiwiteit aan die dag lê, kan die *antwoorde*, wat ons in die *verlede* vind, hoe ver dit ook al van ons verwyderd is, voldoen aan die objektiwiteitsideaal, hoewel ons weet dat elemente van onvermydelike subjektiwiteit wat met wêreldbeskouing gepaard gaan, altyd daarin verskuil sal lê. Dit is nie die afstand in tyd tot ons tema wat die groot verskil maak nie, maar ons *houding* daartoe. Ons doel bly en moet altyd wees om *insig* na te strew, 'n "ware" beeld in die sin van korrektheid, billikheid en regverdigheid te skep ... Dit gaan nie om tendensies vanuit die hede in die verlede *in* te lê nie, maar om die verlede self *uit* te lê, te vertolk, nie bewustelik in ooreenstemming met die "tydsgees" nie ... maar om die verlede *uit homself* te verstaan; dit gaan nie om veroordeling nie, maar om *beoordeling* uit die samehange, waardes en geestelike horison van die tyd self wat beskryf word. Of die historikus die verwyderde of selfdeurleefde verlede benader, steeds moet hy selfkritiek toepas en steeds daarna strew om die historiese fenomeen uit sy eie gronde te verstaan al sou hy ook hoe sterk bewus wees van die vraagstukke van sy eie tyd."<sup>22</sup>

### **Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652—1974, as praktiese uitdrukking van prof. Van Jaarsveld se benadering t.o.v. Suid-Afrikaanse geskiedenis**

Dit is logies dat prof. Van Jaarsveld se teoretiese opvattinge t.o.v. die algemene geskiedenis van Suid-Afrika in *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652—1974*<sup>23</sup> praktiese uitdrukking sou vind.

In die voorwoord van bg. werk bring die skrywer dit onder die aandag dat hy dit slegs bedoel het as 'n "kort" inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Hy wou dit "kort" hou omdat die bestaande geskiednisse in Afrikaans en Engels volgens hom almal te lank en te gedetailleerd is. Dat ook prof. Van Jaarsveld nie daarin kon slaag om die ingewikkelde geskiedenis van Suid-Afrika "kort" te hou nie, blyk uit die feit dat die boek nie minder nie as 580 bladsye beslaan. Dit is dus 'n lywige werk en veel meer as slegs 'n "inleiding" tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika of bedoel vir eerstejaars, wat die skrywer se aanvanklike oogmerk was.<sup>24</sup>

Ooreenkomstig prof. Van Jaarsveld se teoretiese beskouing konsentreer hy in die werk nie op die verhalende geskiedenis nie, maar probeer hy die groot ontwikkelingslyne en basiese strukture van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aantoon. Hy slaag daarin om in sy aanbieding van dié geskiedenis 'n sintese te bewerkstellig tussen die empiriese en beskouende. Die belangrikste instrument wat tot hierdie balans lei, is die tematiese indeling wat die skrywer volg, waarbinne hy veel groter ruimte het om hom tot een sentrale gedagte te beperk.<sup>25</sup>

Prof. Van Jaarsveld begin sy geskiedenis van Suid-Afrika met 'n ruimtelike ordening van dié land se geskiedenis van die begin van die Westerse kolonialisme tydens die Renaissance tot die val daarvan ná die Tweede Wêreldoorlog. In dié periode onderskei hy vyf fases, nl. die Christelike wêreldordening in die vyftiende en sestiende eeu, die ekonomiese wêreldordening in die sewentiende en agtiende eeu, die liberaal-humanitêre wêreldordening gedurende die agtiende en die begin van die neëntiende eeu, die imperialistiese beskawingsordening, wat gedurende die tweede

"Eise van ons tyd aan die geskiedskrywing" in *Geskiedkundige Verkenninge*, p.133  
Die werk het in 1969 sy eerste uitgawe by Voortrekkerpers beleef onder die hooftitel *Riebeeck tot Verwoerd, 1652—1966*.

Voorwoord.

Vel. resensie van dié werk deur D J van Zyl in *Historia*, jaargang 22, Mei 1977, nr

helfte van die neëntiende eeu ingetree het en tot die Tweede Wêreldoorlog geduur het, en ten slotte die ordening van 'n universele, planetêre vennootskap tussen die volke van die wêreld, Swart en Blank, wat die vyfde en totaal nuwe fase van kolonialisme is wat ná die Tweede Wêreldoorlog ingetree het. Hierna gaan prof. Van Jaarsveld daartoe oor om die strategiese belangrikheid van Suid-Afrika in perspektief te stel en toon hy aan dat dié land se strategiese ligging tussen Weste en Ooste en sy gematigde klimaat mense uit drie kontinente mekaar laat ontmoet het. Die res van die boek is 'n antwoord op twee vrae wat hy stel: "Hoe het die unieke, gekompliseerde Suid-Afrikaanse samelewing ontstaan en deur die jare ontwikkel tot sy huidige stand?" en "Hoe het menssoorte (*sic*) uit drie kontinente oor die land versprei, orde gehandhaaf, verskuif of verstrengel geraak?"<sup>26</sup>

Alhoewel dié inleidende benadering tot Suid-Afrika se geskiedenis gekritiseer kan word omdat daar enersyds te min agtergrondfeite gegee word van die Europese gebeure wat die ontdekking van Suid-Afrika deur blankes voorafgegaan het en andersyds te min argeologiese en volkekundige gegewens verstrekkend word van die inheemse groepe wat hier geleef het voor die blankes se koms, is dit juis kenmerkend van prof. Van Jaarsveld se teoretiese benadering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik dat eerder op beskouingsgeskiedenis as verhalende geskiedenis gekonsentreer moet word ten einde groter insig in dié land se geskiedenis te verkry.

Die res van die boek getuig van hierdie teoretiese opvatting van die skrywer: hy beskou die verhaal van Suid-Afrika asof hy iewers ver bo die gebeure uitstyg, wat hom gevolglik in staat stel om die breë ontwikkelingslyn in samehang te bring. Hy skryf oor die ontstaan en koms van nuwe bevolkingsgroepe: Kleurlinge, Afrikaners, Britte en Indiërs. Hy skryf oor die herkoms en verspreiding van die Bantoe, die aanraking tussen Blank en Swart, oor die groot swart en blanke bevolkingsverskuiwings in die neëntiende eeu, oor die stryd tussen Blank en Swart, en Afrikanernasionalisme en Britse imperialisme in die neëntiende eeu, oor die ekonomiese revolusie wat gedurende die laaste kwart van die neëntiende eeu 'n aanvang neem en na aanleiding waarvan die begin van die bevolkingsametrekkings ontstaan. Die twintigste eeu se geskiedenis, wat ten regte meer as die helfte van die boek beslaan, konsentreer op die groot politieke, ekonomiese en sosiale vraagstukke wat in Suid-Afrika aan die orde was: die politieke, ekonomiese en sosiale gevolge van die ekonomiese omwenteling en verstedelikingsprosesse in Suid-Afrika, die stryd om politieke beheer tussen blanke politieke partye, die stryd om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid van Brittanje, die ekonomiese, sosiale en politieke posisie van die Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes, Swartmense, Kleurlinge en Asiate, die verhouding tussen hierdie groepe, die opkoms en manifestasie van Afrikaner- en Swart nasionalisme, die verwesenliking van die Republikeinse ideaal en die stryd van die Republiek om hom in Afrika en die res van die wêreld teen toenemende isolasie te handhaaf.

## Besluit

Die boek is ver van volledig: aan baie aspekte word nie aandag gegee nie en taal, styl en logiese beredenering laat soms te wense oor. Maar dan is die vraag: is enige boek moontlik wat ten opsigte van alle aspekte van 'n land se geskiedenis volledig is en in ander opsigte volmaak is. Die antwoord is 'n besliste nee. In elk geval was dit ook nie prof. Van Jaarsveld se bedoeling nie. Sy doel was: "... nie om volledig te wees nie; die

leser sal baie feite in hierdie beknopte verhaal mis ... Dit was my idee om op die sin en betekenis van gebeurtenisse en samehange te wys."<sup>27</sup>

Volgens my oordeel slaag prof. Van Jaarsveld met hierdie boek uitstekend daarin om die groot ontwikkelingsgange van die geskiedenis van Suid-Afrika aan te toon. Dit het ten nouste te make met sy algemene teoretiese benadering. Hy is daarom die eerste historikus in Suid-Afrika om veral ten opsigte van die twintigste eeu die verband wat daar tussen die politieke, sosiale en ekonomiese faktore bestaan aan te toon en die algemene invloed wat dit op die samelewingsgeskiedenis van Suid-Afrika gehad het en nog steeds het, te beklemtoon. Sy werk is ten slotte aanvaarbaar omdat hy daarop ingestel was om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in sy totaliteit uit te beeld. Daarom kan sy boek nie geklassifiseer word as nasionalistiese, liberale of radikale geskiedskrywing nie, maar as objektief-wetenskaplike geskiedskrywing, met 'n mate van simpatie vir die Afrikaner se rol en invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat begryplik is as in aanmerking geneem word dat hy ook Afrikaner is en deel het aan die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing.